

MUSIEK UIT AFRIKA*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

2 Graad 5

3 'N VROEË AFRIKA-GEMEENSKAP: MENSE VAN S.A.

4 Module 12

5 MUSIEK UIT AFRIKA



Figure 1

Hierdie tema word nou letterlik met 'n lied in die hart afgesluit. In Suid-Afrika woon, eet en sing die mense mos graag saam!

'n Mens kan natuurlik verwag dat 'n land met so 'n ryke verskeidenheid mense ook 'n wonderlike verskeidenheid musiek sal hê. Dit wissel van die San se eensnaar-ghoera, die polsende ritme van die mbqanga in baie swart woonbuurte, lewendige volksliedere van die Kaapse Klopse, simfonie-orkeste tot die tromme van werkers op olie- en vullisdromme.

AKTIWITEIT 1

OM BRONNE OOR DIE VERSKILLENDÉ GROEPE SE MUSIEK TE GEBRUIK

[LU 1.2]

a) Die San en Khoiwa

Die **San** het natuurlike materiale gebruik om hul musiekinstrumente van te maak. So is stringe ratelende krale om hul enkels vasgemaakwanneer hulle gedans het. Die skietboog is effens aangepas om musiek mee te

*Version 1.1: Jul 16, 2009 2:53 am -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

maak en is 'n ghoera genoem. Dit is bespeel deur met 'n ligte stokkie op die snare te slaan. Vandag gebruik hulle ook materiale soos blikkies en koperdraad.

Die **Khoina** het fluite bespeel wat vervaardig is uit riete van verskillende lengtes. (Wat dink jy kon hulle gebruik het as daar nie riete beskikbaar was nie?) Hulle het ook dromme gemaak deur diervelle oor kleipotte te span.



Figure 2

San




Figure 3

Khoina

Doen die volgende navorsing in julle groepe:

In watter tipe bronne kan 'n mens, byvoorbeeld oor musiek, na inligting gaan soek?

Vra ook vir jou onderwyser om aan jul te verduidelik hoe 'n biblioteek se katalogus werk.

'n Ghoera en huisgemaakte kitaar is voorbeeld van snaarinstrumente. Gee die name van nog drie snaarinstrumente en maak 'n eenvoudige sketsie langsaan.

b) Swart mense

**Figure 4**

Die enigste volkere in Suid-Afrika wat tradisionele tromspelers was, was die Venda-, Pedi- en Tsongavolkere. Die Ngunivolkere, soos die Xhosas en Zoeloes, het eerder met hulle wapens teen hulle beesvelskilde geslaan, of hulle skilde op die grond gestamp terwyl hulle krygsliedere gesing het. Die Ngunivolkere het eers in die latere jare hulle eie tromme met velle gemaak. Dié tromme is dan met twee tromstokkies bespeel.

Nguni-trom

**Figure 5**

Xilofoon

‘n Ander tradisionele musiekinstrument is natuurlik die xilofoon. Dié woord is afgelei van die Griekse woorde wat “hout” en “klanke” beteken. Dit is houtblokke van verskillende lengtes wat met stokke met harde koppe bespeel word. Soms is hol kalbasse onder die houtblokke vasgemaak om só die klankvolume te versterk.

Die Tsongas en Vendas het ook xilofone met vaste klawers gebruik. Sommige swart volkere het ook horings (van wildsbokke) gebruik en dit soos die vroeëre rietfluitspelers van die kant af geblaas.

**Figure 6**

Ghoera

Jou vriend Ben, van Soweto, wil ‘n tipiese tradisionele musiekinstrument van sy groep vir jou as verjaarsdaggeskenk gee. Doeń navorsing en gee nou vir hom die name van vyf sulke musiekinstrumente in die volgorde soos jy daarvan hou. Sê ook hoekom jy dit so gerangskik het.

c) Klassieke tydperk

Tydens die Nederlandse bewind (sewentiende eeu) aan die Kaap is militêre musiek tydens seremoniële geleenthede met tromme, trompette en ander blaasinstrumente gespeel. By ryker gesinne het slawe-orkeste opgetree of het die kinders die gaste vermaak met viool-, fluit- en harpmusiek. In dieselfde tyd in Europa,

het Duitsland gespog met van die wêreld se grootste komponiste, naamlik Johann Sebastian Bach en George Friederich Handel.

Die Britte het veral in die agtiende eeu hulle soldate gebruik om openbare vermaak te verskaf. Daar is gereeld operas, balletopvoerings en musiekblyspele by die garnisoenteater op Riebeeckplein aangebied. Die eerste musiekakademie is reeds in 1826 in Kaapstad gestig. Musiekmeesters soos Pabst, Schrumpf en veral Letoming het daar vertonings gelewer van onder andere Mozart, Haydn en Viotti. In Europa het komponiste soos Joseph Haydn, Wolfgang Amadeus Mozart en Ludwig von Beethoven sterk op die voorgrond getree en wêreldboeroemd geword.




Figure 7

d) Afrikaanse volksmusiek

Jy sal dalk mondelinge bronne moet gebruik om die regte antwoorde tussen die hakies te kan onderstreep:

1. Boeremusiek het tydens (skuurpartytjies, skemerpartytjies, jagtogte) ontstaan.
2. Die musiekinstrumente was veral die trekklavier, konsertina, kitaar en (banjo, klavier, tromme).
3. Teen 1940 was die (toi-toi, "swing", vastrap) hoog in die mode.
4. Die tiekiedraai was 'n (stadige, vinnige, walsende) dans waarin paartjies op 'n spasie so groot soos 'n "tiekie" in die rondte kon draai.



Figure 8

e) Moderne musiek

Gebruik weer mondelinge bronne en hou daarna 'n klasgesprek oor die volgende uitsprake:

'n Mens sonder musiek is soos 'n hoender soos vere!

Musiek bring mense bymekaar.

Verandering, ook ten opsigte van musiek, kan nie gestuit word nie.

Hoe klink die musiek van die nuwe geslag?

Kom kyk watter bydrae hierdie verskillende musiekstyle tot moderne musiek in Suid-Afrika gelewer het.

Kyk of jy die regte styl by die regte beskrywing kan pas:

Marabi	1.	Dit is 'n kenmerkende styl wat stedelike swart mense in die twintigerjare ontwikkel het. Dit is 'n vermenging van swart en Westerse musiek. Die Kaapse bruin musikante het selfs Afrikaans-Amerikaanse musiek hierby ingesluit.
Kwêla	2.	Afrika-manskoormusiek is 'n mengsel van Zoeloe, Swazi, Westerse, Afrikaanse en Amerikaanse klanke. Miriam Makeba het dit beroemd gemaak.
Umbaqanga	3.	Dit is die eerste Suid-Afrikaanse musiekstyl wat internasionaal erken is. Dit is stedelike musiekstyl wat veral deur groepe jong seuns met hulle fluite in die 1940's gespeel is. Later is kitare en kontrabas bygevoeg. (Mango Groove)
Mbuke	4.	Hierdie is 'n mengsel van plaaslike musiek en Afrika-jazz. Dit is beïnvloed deur kwêla, ouer tradisionele en Amerikaanse "jive-musiek". Dit word veral met elektriese kitare, trekklaviere, tromme en viole gespeel.

Table 1

Kyk nou of jy elke beskrywing in kolom B by die kunstenaar/groep in kolom A kan pas:

A	B
Ladysmith Black Mambazo	Sy groep sing 'n mengsel van Zoeloe-liedjies, mbaqanga, "rock 'n roll", asook danse.
Johnny Clegg	Sing snitte op Paul Simon se Graceland-album, en het in 1985 'n Grammy-toekenning ontvang.
<i>continued on next page</i>	

Mango Groove	3.	Hierdie is Maleierkore. Hulle sing lewendige volksliedjies soos: "Daar kom die Alabama!"
Kaapse Klopse	4.	Dit is 'n internasionale groep met Claire Johnson as hoofsanger. Hulle interpretasie van die kwêلامiek is wêreldberoemd.

Table 2

Stel nou julle eie klas se "TOP 10" saam aan die hand van 'n vraelys.

Rolspeel die ontwikkeling van musiek in Suid-Afrika. Julle moet soveel verskillende musiekinstrumente as moontlik gebruik. (Bandopnames is ook welkom!) Julle kan ook julle eie bandopnames maak!

Onthou: Julle sal mekaar se gevoelens en smake in ag moet neem en tot voordeel van die hele groep moet gebruik!

In hierdie blok is meer as 40 musiekinstrumente versteek . . . soek en omkring dit. Dit kan vorentoe, agteruit, op, af of skuins lees. Ken jul elkeen?

D	O	E	D	E	L	S	A	K	L	N	O	E	D	R	O	K	K	A
W	K	R	L	O	O	I	V	S	A	B	J	H	R	A	K	B	C	D
A	A	T	R	O	M	P	I	E	A	E	N	A	K	U	O	P	F	B
R	S	H	S	E	R	F	Y	N	B	H	A	R	M	O	N	I	U	M
S	T	R	O	M	L	I	X	T	M	T	B	P	J	K	S	C	T	O
F	A	G	O	T	L	M	I	P	I	A	N	O	L	A	E	C	R	N
L	N	E	A	N	K	U	L	K	S	P	I	N	E	T	R	O	E	D
U	J	N	B	O	L	P	O	V	I	O	O	L	R	S	I	L	K	F
I	E	O	M	T	A	U	F	V	S	A	B	A	R	T	N	O	K	L
T	T	B	I	W	R	X	O	Y	I	Z	K	A	B	C	A	D	L	U
F	K	M	R	B	O	E	O	G	T	H	L	R	I	J	K	L	A	I
M	L	O	A	L	E	N	N	O	E	P	E	R	S	T	U	V	V	T
H	A	R	M	O	N	I	K	A	R	I	P	W	X	Y	Z	A	I	J
B	V	T	C	K	D	V	I	O	L	A	H	S	K	A	L	M	E	I
E	I	U	F	F	S	A	X	O	F	O	O	N	G	H	I	J	R	E
K	E	B	K	L	A	V	I	C	H	O	R	D	L	O	M	P	N	Q
S	R	A	T	U	M	A	N	D	O	L	I	E	N	U	X	V	Y	E
Z	A	C	M	I	R	L	I	T	O	N	N	E	L	E	L	E	K	U
F	L	U	I	T	J	E	L	L	O	B	G	T	R	O	M	P	E	T
D	G	E	H	F	I	R	E	I	V	A	L	K	L	E	U	E	L	V

Table 3

Blokfluit, dwarsfluit, fluit, fagot, harmonika, mondfluitjie, tuba, trompie, trom, simbaal, xilofoon, skalmei, trumpet, akkordeon, basviool, banjo, harp, kitaar, klavichord, viola, siter, pouk, serfyn, viool, ukelele,

doedelsak, saxofoon, trombone, trekklavier, kontrabas, vleuelklavier, tjello, spinet, pianola, piccolo, lier, luit, mirliton, marimba, mandolien, orrel, harmonium, klephoring, klavier, kastanjet

[LU 1.2]

6

7 Assessering

LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek

1.1 Bekom die bronre. Begin om ekstra vrae oor gebeure, artefakte, plekke, mense te vra wat in moeilikhedsgraad wissel

1.2 Gebruik die bronre. Kan bladsyverwysings gebruik

Weet watter bronre (boeke) oor spesifieke onderwerpe inligting verskaf vir ‘n taak/uitstalling

- Kommunikeer inligting uit bronre (verslaggewing).

Kan inligting op ‘n diagram, kaart, skets verduidelik

Kan mondeling of skriftelik ‘n gebeurtenis uit die verlede verduidelik

8 Memorandum

- a) Snaar-: viool, banjo, kitaar
b)
d) 1. skuurdanse 2. banjo
3. vastrap 4. vinnige
f) Marabi (1) Umbaqanga (4)
Kwêla (3) Mbuke (2)